Bibber en die slang




Bibber die bobbejaanjie is 'n ou bangetjie. Wanneer al die ander bobbejaantjies so aan die takke deur die bos swaai en in die hoogste boomtoppe rinkink, dan rittel sy beentjies en bibber sy boudjies!
Daarom het die groter neefs, veral Boela en Breker, hom Bibber begin noem. Soms, as hulle die dag regtig naar wou wees, het hulle hom bo uit die bome gekoggel waar hulle onderstebo aan hulle sterte rondgeswaai het.



"Haai ou Bibbertjies! Hoe's dit dan vanmôre? Wil Mamma se bobbejaantjie nie hier bo saam met ons kom rondswaai nie?"
En dan weerklink die hoë koggelklanke van hul stemme deur die bosse.



"Bibberboud is bang
Bomba gaan hom vang
Bibberboud is bang
Bomba gaan hom vang..."



Oor en oor sing hulle, todat die magtelose Bibber woedend maroelas na hulle begin gooi.
Dan skarrel hulle weg en koes rats agter die boomstamme in.



Op 'n dag grawe Trieks , 'n klein dogtertjie-bobbejaantjie, uintjies uit op die wal van die rivier.
"Haai, Bibber, kyk daardie snaakse geknoepte stuk watergras oorkant die rivier. Kyk, kyk! Dit beweeg dan!"

